



TOULEIER

## AFTREE STAALTJIES

**H**allo julle, aanvanklik het ek maar effe tong in die kies geluister na Tobie Cronjé se vertelling van Hans wat die Rubicon oorgesteek het. Dik vir 'n daalder, mmm.

Nou die dag besef ek egter skielik dat Kamermaatjie en ek nou a langer in ons huidige huisie hier in die aftreeoord in Onrus Noord bly, as in enige vorige woning hier of oorsee. En glo my vry, ons hét al in baie plekke en in baie lande gewoon en gewerk.

Die groot verskil kom saam met die feit dat mens nie meer woon én werk nie, net woon. 24/7.

Verder kan ek getuig dat omtrent als wat Hans en sy mede gevangenes belewe, besonder naby die waarheid beweeg.

Vat byvoorbeeld so 'n rukkie gelede, een dag gedurende die week wou ek graag Arsenal laat aand sien speel het. Ja, nie almal kyk net rugby nie! Vir my is dit vyftig-vyftig, hang af wie speel ook.

Die ding is, dit was laat aand en ek wou nie vir Annabelle pla met al die geraas van 'n sokker bewonderaar nie. Die reuse skerm van die klub se TV was ook 'n baie goeie motiveerder.

Die klub maak gewoonlik teen sewe uur toe. Daarna moet jy sekuriteit skakel by die hek wat dan kom oopsluit vir jou. Ek maak toe so. Die man vertel my hy sal sy senior vra om te gaan oopsluit. Tien minute later gaan ek af. Daar is niemand nie. Ek begin wonder of hulle nie al klaar daar was nie (nogal vinnig vir 'n verandering!) en probeer die dubbeldeure by die ingang. Hulle is effe stram maar gee tog effe mee in my rigting en ek trek hulle al die pad oop. As dit gesluit was, was dit maar 'n power poging!

Kyk rustig TV en kruip laatnag agter die witbrode in.

Die volgende dag word ek na die kantoor ontbied en die leviete voorgelees. Die matrone (lees hoof bewaarder) kla my aan vir inbraak saak beskadiging en ek word uit die klubhuis verban, veral na sewe. Enig skade aan die regmaak van die deure, sou dit nodig wees, sou ook vir my rekening wees.

Blykbaar het die sekuriteit teruggebel na ons huis toe om my mee te deel dat die senior weg was en eers later sou kom oopsluit. Ek was toe reeds binne die klub, salig onbewus van sulke nuus.

Behalwe vir die gespottery deur my maats, het daar darem tot op datum, nog niks verder van gekom nie.

*Hennie en Annabelle*

**BREINBOELIE – (Ons onthou nog wat n palindroom\* is né?)**

'n Motor het 72927 kilometers op die klok. Hoeveel kilometer moet hy nog ry om weer so 'n palindromiese nommer te slaan?

Antwoord elders in die nuusbrieff

\* n nommer of woord wat dieselfde lees van voor of van agter.

**Oksimorone - Sinnelose samevattings**

Hier is 'n paar van hulle:


*Presiese skatting*

*Klein skare*


*Enigste keuse*

*Oorspronklike kopie*

*Militêre intelligensie*



Kan ons nie 'n slag oor iets anders as godsdiens gesels nie?

**Psalm 121**

Ek slat my twee oge op;  
my kyk vang die verste kop  
waarvanaf sal my hulp nou kom?  
My hulp is vannie Jirre, van Hom.  
Hy't nou jimmel en Prieska  
gekom maak.  
Sonner lat jou voet klippers raak,  
is Hy skoene agterrie skaap.  
Sontyd is Hy hoed op jou kop.  
Innie nag hou Hy gevaarlikheid dop.  
Hy's mos nou da om jou op te pas.  
Jou siel hou Hy tussen ribbes vas.  
Gan jy nou in of gan jy nou yt,  
Hy's oor jou vir ewig an vir altyd.

Griekwa Afrikaans

**WAT SIEN JY?****NIKS MEER NIE**

Twee spesialiste loop mekaar in die private hospitaal se kafeteria raak.  
Hulle ken mekaar goed en knoop 'n geselsie aan.  
"Ek hoor jy het vanoggend op mevrou professor Van Straaten geopereer."  
"Waarvoor was dit?" vra die een.  
"R70 000."  
"Ek bedoel wat het sy gehad?"  
"Nee, dis al wat sy gehad het."

kyk weer, dis nie 'n haas nie




# Dié Maand se Giggels

DALK NIE DIE BESTE IDEE OM JOU HOND SAAM TE NEEM NA HARTENBOS SE STRAND TOE AS SY NAAM **HAAI** IS NIE



JAAAG, ROL, GRAWE, TREK, WIL JY VIR MY SÊ, JY HET GEEN ONDERVINDING VAN NET ABSOLUUT NIKS DOEN NIE?



# BRIEWE UIT BELGIË



Elsbeth Verhoef van Stellenbosch vertel van haar jare in België. (DEEL III)

...Ons het die boonste vloer gekry. In die huis was nog baie meubels. Daar was 3 vertrekke in die boonste verdieping. In die kombuis was daar 'n gas stoof. Hulle het vir ons 'n vuurvaste bak wat jy gebruik om blomme in te plant gegee en gesê as jy dit omdraai en oor die gasstoofplaat sit met die gaatjie na bo (waar die water sou uitloop) kan jy as jy stort in die winter die gasvlam laat brand en dit gee dan hitte af in die kombuis. Die stort was in die kombuis. Daar was 'n spesiale fluweelgordyn gehang sodat as jy uit die stortbad kon klim waar daar nog spasie was om jouself nog te kon afdroog. Bokant die stort in die dak was so 'n skuifraampie wat jy kon oopmaak om die stoom te kon laat ontsnap.

Mev Vervloet en haar man was baie statige mense. Hulle het altyd die beste klere gedra. Mnr. Vervloet met baadjie en das en albei het hoede gedra as hul uitgaan. Mev Vervloet het vir 'n Joodse familie gewerk en was hul boekhoudster. Mnr Vervloet was 'n verkoopsman wat storte, baddens en alles wat met loodgieter goed te doen het verkoop in die stad. Hy het elke dag sy toebroodjie kom opeet in die grondverdieping van die Herehuis.

## **Daar was selfs 'n toilet in die kamer**

In ons woonstelletjie het ons twee gasverwarmings gehad. Dit was ingebou in die muur met marmer buite om. Dit was baie luuks. Een was in ons sit/eetkamer en die ander een was in ons kamer. Daar was selfs 'n toilet in die kamer en alles was so gemaak dat as jy in die toilet instap moes daar volgens hulle genoeg plek wees om jou jas te kon uittrek en ophang.

Ons het om die waarheid te sê nooit die gas aangeskakel nie omdat daar later 'n vrou was wat onder ons kom woon het en sy het haar gas so hoog gestel dat dit sommer ons plek ook warm gemaak het. Interessant dat ek nou hierdie goed onthou. Elke Vrydag het ek my rugsakkie gevat en na 'n mark omtrent 'n blok verder gestap waar alles verkoop word van kaas, groente, gebraaide hoender tot klere ens. As ek so aangestap kom dan hoor ek iemand roep "haai daarom die meisie van Suid-Afrika", almal wou altyd hê ek moes aan alles proe en my kommentaar lewer.

Dit was seker my taal wat dit anders gemaak het. Ek het elke Vrydag 'n gaar hoender gaan koop. Dit was goeie tye daardie.

Ek het ook vir 'n kursus in weef ingeskryf en dit beoefen. Verder het ek ook elke maand die geleentheid gehad om saam met 'n groep wat hulself die "silwerenpasser" genoem het uit te gaan en museums besoek en soms ook na Duitsland met die bus om oa kersmarkte te besoek.



Dan was daar ook die Suid-Afrikaanse Ambassade wat Suid-Afrikaanse vroue wat in België gewoon het in te trek by hul byeenkomste. Ek het altyd gegaan en self soontoe gery aan die regterkant van die pad.



Verder het ek ook aan 'n organisasie behoort met die naam "Vriende van Zuid-Afrika". So het ek dan ook een jaar op die 11de November die wapenstilstand dag bygewoon in Ieper in Wes Vlaandere.

Ek is gevra om 'n Suid-Afrikaanse vlag te dra. Daar was 'n diens by Suid-

Afrikaanse grafte gehou. In Ieper word daar elke aand om 8nm (dis nou vanaf die eerste wêreldoorlog) die "last post" gespeel op 'n trompet.

Dit maak nie saak of dit sneeu of reën nie.

Nog nooit is een dag oorgeslaan nie. Hul noem dit die Mennenpoort. Daar is een

hele muur met die name van net Suid-

Afrikaanse soldate wat gesterf het. Elke jaar vir skoolprojekte kom kinders

uit Engeland en van ander Gemenebes Lande om dit by te woon. Dit is 'n

hele seremonie elke aand. Daar word kranse gelê en 'n diens gehou vir al die soldate wat gesterf het.





Vandag op my spyskaart is 'n heerlike dik Erte- sop! Ons Hollandse vriende noem dit Snert! Die oudste opgetekende resep hiervoor dateer uit die 16 de eeu!

Op RSG se Program Saterdagresep, het hul 'Cobus se snert(sop)' resep gedeel, en dit is die resep wat ek al jare gebruik. Behalwe dat ek 'terwille van die gewete' om my cholesterolvlakke in toom te hou, nie aldrie vleise gebruik nie! Ek vind dit heerlik dik en vullend genoeg met net die Eisbein of net die spek. Die worsies by is regtig bietjie oordadig!

## Bestanddele

- 2 liter water
- 500 g droë ertjies (split peas), in water geweek vir twee ure
- 1 pak gerookte varkspek, in klein repies gesny
- 1 groot gerookte varkskenkel (eisbein)
- Hollandse rookwors (of enige ander gerookte wors), in halfsentimeter stukke gesny
- 2 uie, in dik stukke gesny
- 3 wortels, in klein stukke gekerf
- 4 middelslag aartappels, in klein blokkies gekerf
- 2 preie, in wioletjies gekerf
- sout en peper na smaak

## Metode

Voeg die die ertjies en al die vleis in 'n drukkoker met 2 liter water op hoë hitte tot die deksel heeltemal geseël is.

Verlaag die hitte tot medium en laat dit vir 'n uur kook.

Verwerk intussen al die groente, en voeg dit na 'n uur by.

As die sop te dik is na jou smaak, voeg nog water by.

Kook vir nog 'n uur.

Haal die pot van die hitte af, en haal al die vleis uit en verwyder alle bene, stukkies been of swoerd.

Sny die vleis in blokkies, voeg dit terug in die sop en roer deur.

Garneer die borde/bakkies sop met vars kruie soos pietersielie, kruisement of tiemie.

Bedien met vars brood met 'n lekker bros kors.

Geniet dit!

# SPREEKWOORDELIKS

## Spreekwoorde, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Boeg:** Oor 'n ander boeg gooi ('n ander draai aan 'n saak gee om 'n doel te bereik)

Om 'n skip oor 'n ander boeg te gooi, is om van rigting of koers te verander. In hierdie geval word nie die spits voorkant van die skip bedoel nie, maar die twee sye, stuurboord en bakboord, waarop die wind waai en 'n invloed uitoefen.

**Boeglam:** Jou boeglam skrik (baie groot skrik)

In Middelnederlands al was boeg 'n ander naam vir die blad of bo-arm van 'n dier of 'n mens, maar veral van 'n perd. As 'n mens dus jou boeg lam geskrik het, was dit soos 'n perd wat te ver gehardloop het en in die boeë moeg geword het.

**Boikot:** Iemand boikot (iemand ignoreer, uitsluit, nie ondersteun nie)

Dié uitdrukking verwys na kaptein Charles Boycott, in die laat 19de eeu 'n agent van graaf Erne, 'n groot grondbesitter in die graafskap Mayo in Ierland. Die Ierse Land League is in 1879 opgerig om die pagters teen uitbuiting van die grondeienaars te beskerm. Boycott was besonder ongenadig met die huurders en het hulle besittings gekonfiskeer as hulle nie die uitermate hoë huur kon betaal nie. Hy het ook geweier, na twee mislukte aartappeloeste, om die huurgeld met 25 persent te verlaag. Charles Parnell, die



voorsitter van die Land League moes die gemoedere van die huurders kalmeer – hulle wou die agente van die grondeienaars vermoor. Hy het voorgestel dat so 'n persoon heeltemal alleen gelaat moet word: op straat, in die winkels, op die mark, selfs in die kerk moes die skarminkel geïsoleer word. Die resultaat van dié stief behandeling was dat Boycott se personeel weggeloop het, sy vee verdryf is, hy op straat gespot is, sy pos onderskep is en die handelaars geweier het om iets aan hom te verkoop. Boycott begaan toe die flater om sy lot in The Times te bekla, en skielik is sy naam en die saak voorbladnuus. Die koerante praat van boycott as werkwoord, en gebruik dit as 'n alternatief vir ostrasisme. Die nuwe woord het oornag deur Europa versprei. In Russies word dit bojkotirovat, in Italiaans boicottare, in Spaans boycotear, in Frans boycotter en in Afrikaans ons huidige verafrikaanseste woord. Omdat die boikot van Boycott so 'n groot sukses was, het die woord inslag gevind en word dit 'n eeu later nog gebruik.

**Bokerf: Bokerf trek** (dit moeilik hê)

Die bokerf was die hoogste kerf in die jukskei en as die strop daarin geskuif is, het dit stywer om die os se nek gesluit. Eintlik sê die spreekwoord dus dat jy wurg.

**Bokhoring: Bokhorings maak** ('n eed aflê)

As 'n mens iets onder eed aflê, word twee vingers in die lug gesteek met die woorde: "So help my God". Die twee vingers word gelykgestel aan bokhorings.

**Bokveld: Bokveld toe gaan** (doodgaan, dood wees)

Die Bokveld, volgens een bron, was vroeër 'n verwysing na die hel, na aanleiding van die laaste oordeel beskryf in Mattheus 25 waar die bokke na die ewige vuur gaan. Later sou die betekenis dan uitgebrei het tot die algemene "doodgaan".

**Boontjie: Boontjie kry sy loontjie** (elkeen kry sy verdiende loon)

Dié uitdrukking is ontleen aan 'n Nederlandse sprokie van ertjie, boontjie, strooitjie en kooltjie vuur wat gaan wandel het. Hulle kom toe by 'n rivier en wonder hoe hulle aan die oorkant sal kom. Strooitjie bied toe aan om oor die water te lê, en ertjie en boontjie loop toe daarop oor. Toe kom kooltjie vuur, maar in die middel van die strooitjie slaan dié toe aan die brand en kooltjie vuur val toe in die water. Boontjie lag toe (onsensitief en ontydig) so hard daarvoor dat hy bars – en dit was sy verdiende loon.

**Botter: Dis botter aan die galg smeer** (dis vergeefse moeite)

Volgens Nederlandse bronne beteken dit maar net dat dit nie help om die galg glad te probeer maak nie – die tou gaan buitendien jou nek breek.

**Bres: In die bres tree vir iemand** (iemand verdedig)

'n Bres was 'n gat in die muur van 'n vesting wat deur beleëraars gewoonlik met 'n stormram gemaak is. As 'n mens dan in daardie bres tree, het jy die swak plek toegemaak en die vesting beveilig.





# LAG, DIE BESTE MEDISYNE

**Dalk het party mense lae stres vlakke omdat hulle nie die ernstigheid van sekere mediese terminologieë heeltemal begryp nie. Soms kan mens dit slegs in Engels regtig verstaan. Gereed?**

**Artery** : The study of paintings

**Bacteria** : Back door to cafeteria

**Barium** : What doctors do when patients die

**Benign** : What you be, after you be eight

**Caesarean Section** : A neighborhood in Rome

**Cat scan** : Searching for Kitty

**Cauterize** : Made eye contact with her

**Coma** : A punctuation mark

**Dilate** : To live long

**Enema** : Not a friend

**Fester** : Quicker than someone else

**Fibula** : A small lie

**Impotent** : Distinguished, well known

**Labor Pain** : Getting hurt at work

**Morbid** : A higher offer

**Nitrates** : Rates of Pay for Working at Night,

**Node** : I knew it

**Outpatient** : A person who has fainted

**Pelvis** : Second cousin to Elvis

**Secretion** : Hiding something

**Seizure** : Roman Emperor

**Tablet** : A small table

**Terminal Illness** : Getting sick at the airport

**Tumor** : One plus one more

**Urine** : Opposite of you're out



# Die Kolonoskopie

#kolonoskopie

#swangerskap

#menopouse

#aardbewing

#geboorte

Ek het hierdie storie by 'n vriendin gekry. Geen mens weet wie die skrywer is nie. Ek wil net aan die onbekende skrywer sê: Kolskoot!

Deur Yulandi Steenkamp



en Blikkies

“Jy moet gaan vir 'n kolonoskopie,” sê die dokter terwyl hy drie bottels verf aan my oorhandig. “Drink Maandag soos voorgeskryf en meld Dinsdagoggend halfnege aan vir die prosedure. O, en geen vaste kos in dié tyd nie.”



Nege-uur sluk ek die eerste dosis verf. Nogal nie onaardig nie. So lemoensmaak. Ek wil net jenerwer bygooi, maar Pa swaai sy voorvinger dreigend voor my neus. “Niks vir jou vandag nie!” Hier teen halftien voel ek die eerste draai en laat waai vir die troon. Maak die ketels oop. “Goeie skoonmaak,” dink ek by myself. Maar toe begin die resies na die troon. As ek net by die deur uit is, kom die noodsein en moet ek maak vir die troon! Eenuur moet ek die sement drink. Maar in plaas van toepleister, skaaf hy net die wande skoon. Drie-uur is dit weer lemoenverf. Nou oorval totale uitputting my. Ek smag na koffie en beskuit. Agtuur is dit tyd vir die botteltjie wat lyk soos chloroform, maar my nie uitsit nie... nee, dit raak ontslae van die bietjie wat nog oor is.

Doodmoeg en doodbang meld ek by die slagveld aan. Rondom my sit daar vyf ander beangstes sonder glimlag. Die personeel probeer hulle bes om die klompie te laat ontspan. Maar 'n hospitaal is doodgewoon nie 'n ontspanningslokaal nie! In die wagtyd moet ek drie keer weer vinnig kamerverlaat. Uiteindelik word my naam uitgeroep. In 'n klein hokkie vra 'n vriendelike nirs (of is dit 'n dokter?) my om alles uit te trek. Net my masker moet opbly...! In die hokkie hang so lelike bruin tent wat ek moet aantrek. “Kan ek nie 'n pienke of blou kry nie,” vra ek. “Mevrou,” sê die Nirs, “Sal jy die pienke was as ek die pyp uittrek?” Toe trek ek maar die bruine aan.



In die ateljee wag die masjien wat die foto's neem. “Ek het nie vanoggend gegrimeer nie. Was te moeg,” sê ek. “Kan julle bietjie *photoshop*?”

Voor my is so halwe enkelbedjie waarop ek my enorme liggaam moet neersit. “Draai nou op jou regtersytjie,” praat die Nirsie so mooi met my. “Ek gaan nou ‘n pypie indruk met ‘n ballonnetjie

vooraan. Dan gaan ek dit oppomp. Dis effens ongemaklik. Maar ontspan gerus.” Die pypie is goed gehries en gaan seepglad by die exhaust in. Toe begin sy pomp. In my maag voel ek die eerste kiewels, soos die eerste skoppie van ‘n nuwe baba.

Maar baie vinnig vorder ek van vier maande tot nege-maande. Toe ek tot 2 bar opgepomp is, vra Nirsie: “Hoe voel jy? “Nege-maande swanger en in kraam,” antwoord ek. “Knyp nog so bietjie. Nog net so 20 pompies,” sê Nirsie. Ek kry dé-jà-vu van my kraamgeboortes. Daar waar die dokter sê: “Moenie druk nie!” terwyl die baba wil uitval! “Nirs, as jy verder pomp, gaan jy in die spervuur staan. ‘n agterent kan ook net soveel knyp.” Die nirs is versigtig. “Nou draai op jou maag en sit jou hande bo jou kop, dan begin ons die proses,” probeer sy baie mooi en kalm. Met my volle gewig op die voltydse baba, wil die klep nie meer nie. So saggies en onhoorbaar glip daar van die wind uit. Nou in die tunnel in. “Take a deep breath. Hold it!” Ag hemel!!!! Waar moet nog lug heen gaan? Ek is reeds tot barstens toe vol wind! Na ‘n paar “Take a deep breath. Hold it!”s is dit tyd vir die jodium.



Net daar gaan ek in menopause in – nog voor ek gekraam het! Die warm gloed begin by my gesig en versprei regoor my lyf – met ‘n masker op! In my mond is die frank smaak van ‘n Weegskaal-vrou wat die vorige aand te veel wyn gedrink het. En toe, toe is dit verby.

“Nou net die pypie uittrek. Eers die ballon afblaas,” sê die wonderlikste Nirs. “Nirs, ek sê sommer nou al dankie, want as jy klaar is, is ek weg. Bring maar my goetertjies na die aantrekkamer toe.”

En toe blaas sy die rugbybal af en trek die tuinslang uit! En ek laat waai na die kleinhuise.

Met die neersitslag vind die aardbewing plaas wat sewe op die Richterskaal meet. Dit voel vir my of die mure gaan aan’t skud, die pype raas, die masjiene ritteltit. Ek is seker in die wagkamer begin die verhoorafwagendes se tande klapper. Mettertyd neem die aardbewing af met net ‘n paar naskokke. In die hospitaaltoilet spoel tonne skulpvis se jodium weg.



Toe trek ek aan. In die ateljee staan die Nirs- steeds spierwit. “Dit was ‘n dogtertjie,” sê ek en loop Pa tegemoet. “Kom ons gaan huis toe dan vertel ek jou alles,” sê ek. Oppad na die kar, los ek nog drie bomskote.

Ons klim in die kar.

“Kinders kry is nie perdekoop nie, “ sê ek vir Pa.

# AGTEROS

## DIE ROOI HAAN

Dana Snyman



Nou die middag ná werk ry ek uit Pretoria. Met die N1 Suid. By Bloemfontein verby, die Karoovlaktes in. Op pad Kaap toe. Later is dit middernag, en later na middernag. Later kan ek nie meer my oë oophou nie. Een ding het ek al geleer: Dit help nie om agter 'n stuurwiel kom-plotte teen die slaap to sit en smee nie. Daarom begin ek dadelik uitkyk vir 'n stilhouplek. Nie ver nie, toe blink die wit sementtafeltjie onder 'n peperboom in die motor se ligte langs die pad. Ek hou stil, skakel af, klim uit. Dit is pikdonker. En baie stil. Ek klim weer terug in die motor, laat sak die sitplek, en lê terug. Ligdag kraai 'n hoender my wakker. Hier is seker 'n plaasopstal naby, dink ek terwyl ek orent kom, die son skerp in my oë. Toe sien ek dit. 'n Ent van my kar af staan 'n donkiekarretjie en langs die karretjie 'n oompie onder 'n wyerandhoed. Hy buk by so 'n vaal donkie wat op die grond lê. 'n Ent verder staan 'n groter, donkerder donkie. Hulle moet ook hier oornag het, besef ek, en kyk na my ver-rimpelde gesig in die truspieeltjie. Die oompie moet gesien het ek is wakker want hy kom nader gestap. Die T-hemp onder sy voosbaadjie moet hy êrens present gekry het want daarop staan in helder letters: MALDIVES 1989. "More, meneer," groet hy en haal die hoed af. "Ek's Kokkie. Kokkie Smeer." Deur my oop venster skud ek sy hand. "Ek wil meneer 'n gunsietjie vra." Hier kom dit, dink ek, hy gaan my nou eers 'n hard luck storie vertel, dan gaan hy my vir geld vra. Dit is die gang van die Nuwe Suid-Afrika. Oom Kokkie vertel my sy hard luck storie: *dat hy 'n skaapskeerder met 'n vrou en 'n kind is, dat hulle Christenmense is, dat hy vanoggend by 'n boer moet inval maar dat hy nou hier langs die pad gestrand sit 'want sy een donkie is ellendig siek. Maar toe hy by die gedeelte kom waar hy geld moet vra, doen hy dit nie. Hy vryf net met een hand oor sy wange, en se: "Meneer ka' seker lees, nè?" "Natuurlik kan ek lees, ja." "Nou maar wil meneer nie vi' ons 'n stukketjie ko' lees nie? Met al die gerondtrek het ons mos nooit tot geleer lese geko' nie."*



### Net toe kraai daardie hoender van vroeër weer.

Dit klink te goed om waar te wees. Ek haal diep asem, klim uit die motor en stap agter hom aan. Toe eers sien ek die vrou met die baba in haar arms op 'n paraffienblik langs die donkiekarretjie. "Kry vi' jou reg, Ma," beduie oom Kokkie vir haar. "Die meneer sê hy sal vi' ons lees." Net toe kraai daardie hoender van vroeër weer.


**M**y oog vang die twee hennie en die rooi haan in die draadhok agterop die karretjie en ek weet sommer dis daardie haan wat so kraai. Oom Kokkie leun vorentoe en tel so 'n blou tassie van die karretjie af. Eens op 'n tyd kon dit 'n vrou se vanity case gewees het. Hy knip dit oop. Binne-in is allerhande goed: 'n pakkie Disprins en 'n haarkruller, 'n Okapi-knipmes, 'n botteltjie lewensessens, 'n tolletjie gare en twee flitsbatterye.

En onder al daardie goed haal oom Kokkie 'n boek uit, 'n Bybel, oorgetrek met bruinpapier wat al deurgeskif is. "Ek het hom by oo' lie pa geërwe," se hy en gee die Bybel vir my aan. "Mens kry darem altyd hier en daar en so aan iemand met bereidwilligheid om vi' jou 'n stukkietjie te lees."

## "Lees vi' ons iets van donkies, asseblief, meneer.

Dit is 'n Afrikaanse Bybel — Ou Vertaling. "Nou wat wil oom hê moet ek lees?" Ek maak die Bybel oop en blaai. Party van die bladsye is al los. Van êrens of kry ek die reuk van motbolle. Oompie Kokkie trek my eenkant toe, na waar die donkie lê, die maer en skynbaar te gedaan om die vlieë om sy ore weg te waai. "Iets van donkies," se hy. "Lees vi' ons iets van donkies, asseblief, meneer.

Die vrou het van êrens of 'n hoed gekry, 'n regte kerkhoed soos my ouma Swannie s'n, met 'n pienk blom hier voor. Dié hoed is nou op haar kop. Sy kom staan by ons met die baba in haar arms. Ek probeer dink: donkies, donkies. In die Sondagskool, lank gelede, onthou ek, het ons geleer van Bileam wat op 'n donkie gery het toe die Here aan hom verskyn het. Levitikus. Of is dit nou Númeri? Ek blaai rond. Múmeri 22.



"Toe antwoord Bileam die Engel van die Here: *Ek het gesondig, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie. Maar nou, as dit verkeerd is in u oë, sal ek teruggaan.*"

Ek lees die hele hoofstuk, en gee die Bybel vir oompie Kokkie terug.

"Nou wat nou?" vra hy. "Bly meneer die vi' die gebed nie?"

Ek kyk na die oubaas en sy tante en die vaal donkie op die grond wat nie eens meer die moeite doen om die vlieë en brommers op sy ore te verjaag nie.

"Ek's laat, my oom," se ek. "Ek moet ry. Jammer."

Ek groet, stap terug motor toe, klim in en ry stadig terug N1 toe, my ruit afgedraai. In die truspieeltjie kan ek oompie Kokkie sien, al biddend, sy een hand in die lug, soos 'n predikant s'n, sy ander hand op die vaal donkie se kop.

En bokant die motorenjin se gedreun hoor ek weer daardie dekselse rooi haan kraai.

TOT VOLGENDE MAAND DAN!